LEEF JOU REIS
MET GERRIE PRETORIUS




# 2026 | Kersfees op die Donau

15 Desember – 23 Desember 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love*
*but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



R69,900.00 Per persoon wat deel*
Geen enkel kajuite beskikbaar nie*

### ‘n Bootvaart deur Europa se Markte

# Ontdek die wonder van Kersfees met ’n onvergeetlike vaart op die ikoniese Donau, wat jou na die hart van ou Europa neem.

Hierdie klassieke reis langs die Donau-rivier wys jou pragtige landskappe, historiese stede en romantiese dorpe wat getuig van die vreugde wat hierdie tyd van die jaar bring.

Beleef vier pragtige lande aan boord ‘n luukse skip — Duitsland, Oostenryk, Slowakye en Hongarye — waar elke dorp en stad hul eie Kersfees-feesvieringe het. Van die liggies en geure van Wene se markte tot die gesellige atmosfeer in Boedapest, is hierdie vaart ’n perfekte kombinasie van kultuur, geskiedenis en seisoensvreugde. Verken saam te voet, omring deur geure van gebak, speserye en winter lekkernye, terwyl jy deel raak van die egte Kersfeesgees wat in die huise, strate en stalletjies van die plaaslike mense heers. En terwyl jy in die gemak van jou panoramiese-suite ontspan, laat hierdie reis jou toe om die seisoen op ’n heel nuwe manier te beleef.

Reis saam op hierdie Kersfeesvaart en beleef die vrede en vreugde van Kersfees soos jy dit nog nooit tevore gesien het nie.



# Kersfees op die Donau

15 Desember – 23 Desember 2026

**R69,900.00** Per persoon wat deel*
Geen enkel kajuite beskikbaar nie*












## Hoogtepunte

**Vier lande in een week:** Duitsland, Oostenryk, Slowakye en Hongarye – elkeen met unieke Kersfees-tradisies en 'n spesiale feestelike atmosfeer.

**Gerieflike rivierreis:** Geen in-en-uit-pak nie – jy slaap elke aand in 'n nuwe prentjiemooi hawe langs die Donau.

**Byna alles ingesluit:** 7 nagte aan boord van die moderne ***Emerald Dawn*** in 'n Panorama Balkon Suite, met etes, vervoer, drankies, Wi-Fi en alle fooitjies ingesluit.

**Magiese winter-Kersfees ervaring:** Kersfees in Europa beteken glinsterende liggies, geurige kosse en historiese plekke wat ekstra betowerend lyk onder sneeubedekte dakke.

**Eksklusiewe ervarings:** Begeleide toere deur ou stede soos Passau, Linz, Wene, Bratislava en Boedapest.

## Kulturele Hoogtepunte

- 'n Orrelkonsert in Passau se indrukwekkende St. Stephan-katedraal
- 'n Tradisionele Beierse orkes aan boord
- Wynproe by die UNESCO-wêrelderfenis Göttweig-abdy
- Besoek aan Wene se Kunsthistorisches Museum
- Tradisionele Kersmarkte en marktoere in elke stad
- 'n Slowaakse tuisgebakte koek en koffie-ervaring
- 'n Hongaarse volksvertoning aan boord in Boedapest

# Kersfees op die Donau

15 Desember – 23 Desember 2026

**R69,900.00** Per persoon wat deel*
Geen enkel kajuite beskikbaar nie*







## DAG 1: 15 Desember 2026

### Johannesburg

Die groot dag is hier – tyd om op ons opwindende Kersfeestoer te vertrek! Die opwinding is tasbaar soos ons tasse gepak is en ons gereed maak vir 'n feestelike avontuur. Ontmoet die Leef Jou Reis-span by OR Tambo Internasionale Lughawe, waar ons saam met mede-reisigers die eerste treë neem op 'n onvergeetlike reis.

**(Alle etes aan boord)**

## DAG 2: 16 Desember 2026

### München / Passau (Duitsland)

Welkom in München, die elegante hoofstad van **Beiere**, bekend vir sy indrukwekkende argitektuur, lewendige kultuurlewe en ryk geskiedenis. Die stad kombineer ouwêreldse sjarme met moderne flair en is besonders mooi tydens die winter, wanneer **Kersliggies** en **tradisionele markte** die strate vul.

By aankoms in **München** word ons hartlik op die lughawe verwelkom en vertrek ons na Passau, waar die ***Emerald Dawn***, ons moderne "Ster-Skip" en tuiste vir die volgende sewe nagte, op ons wag. Hierdie prentjiemooi dorpie, bekend vir sy historiese karakter lê ongeveer twee ure se ry vanaf München en dien as die ideale beginpunt vir jou komende rivieravontuur.

Aan boord word ons deur die kaptein en bemanning verwelkom, en vanaand kuier ons saam met ons mede-reisigers tydens 'n **gesellige aandete** – die perfekte manier om na ons reis tot rus te kom en sommer vroeg-vroeg in die feestelike stemming van die vaart te kom.

**(Verwelkomings-Ontvangs en Ete)**

## DAG 3: 17 Desember 2026

### Passau (Duitsland)

Na ontbyt begin ons eerste vol dag van ontdekking met 'n begeleide toer deur **Passau.** Hierdie pragtige stad, wat aan die grens van **Oostenryk** lê, word dikwels die **"Stad van Drie Riviere"** genoem, aangesien die Donau, Inn en Ilz-riviere hier bymekaarkom.

Passau het eeue lank as 'n belangrike handelsentrum gedien, en sy geskiedenis leef voort in die nou stegies, kleurvolle barokgeboue en asemrowende uitsigte oor die rivier. Terwyl jy deur die ou stad wandel, vul die geur van varsgebakte gemmerbrood die lug, vir daardie ekstra tikkie spesiale Kersfees-atmosfeer.

Een van die hoogtepunte is die indrukwekkende **St. Stephan-katedraal,** waar ons die kans het om 'n spesiale orrelkonsert by te woon – 'n betowerende ervaring gepas vir hierdie tyd van die jaar. Reg voor die katedraal wag die plaaslike Kersmark op ons, hier kan ons tussen die stalletjies deurstap, handgemaakte geskenke ontdek en tradisionele Beierse lekkernye proe.

Terug aan boord kan ons uitsien na 'n bietjie plaaslike flair - 'n lewendige vertoning deur 'n tradisionele **Beierse orkes** wat die klanke en gees van die streek tot lewe bring.

**(Ontbyt, Middagete, Aandete)**

## DAG 4: 18 Desember 2026

### Linz (Oostenryk)

Vandag stop ons in **Linz,** die hoofstad van die Noordelike streek van Oostenryk en die derde grootste stad ná Wene en Graz. Tydens ons staptoer kry ons die kans om die historiese ou stad te aanskou met sy mengsel van Barok- en Renaissance-argitektuur. Handgekerfde tonele van Jesus se geboorte word in baie van die kerke uitgestal, wat 'n rustige en nadenkende Kersfees-ervaring skep. Dit is 'n feestelike dag vir al die sintuie, wat afgesluit word met 'n proe van die ***Linzer-torte*** – 'n plaaslike bederf wat 'n spesiale geur aan ons Kersfeesherinneringe van hierdie Oostenrykse dorpie gee.

**(Ontbyt, Middagete, Aandete)**

## DAG 5: 19 Desember 2026

### Dürnstein (Oostenryk)

Vandag geniet ons 'n rustige oggend op die rivier terwyl die ***Emerald Dawn*** deur die betowerende **Wachau-vallei** vaar – 'n streek wat as UNESCO-wêrelderfenisgebied beskerm word vanweë sy unieke kultuurlandskap.
In die middag vertrek ons op 'n begeleide toer na die **Göttweig-abdy,** 'n ware juweel wat vanaf 'n heuwel tussen wingerde en woude oor die vallei uitkyk. Die abdy, wat reeds in 1083 gebou is, is een van Oostenryk se belangrikste Benediktynse kloosters en lok besoekers van regoor die wêreld. Ongeveer 45 monnike woon en werk steeds daar, en die klooster is van ver af sigbaar met asemrowende uitsigte oor die omgewing. As deel van die toer kry ons ook die geleentheid om van die heerlike **Göttweig-wyn** te proe – 'n eeue-oue tradisie wat steeds deur die monnike bewaar word.

**(Ontbyt, Middagete, Aandete)**





## DAG 6: 20 Desember 2026

### Wene (Oostenryk)

Die pragtige strate en wêreldberoemde kunsuitstallings verwelkom ons in **Wene,** 'n stad wat die weelde van die **Habsburg-monargie** en hul liefde vir pragtige Barok-paleise perfek vasvang. Vir kunsliefhebbers is daar geen plek soos die Oostenrykse hoofstad nie, nie net omdat die stad vol museums en kunswerke is nie, maar ook vanweë die verskeidenheid daarvan. Ons toer sluit 'n besoek aan die **Kunsthistorisches Museum** in – die grootste kunsmuseum in die land en een van die belangrikste museums wêreldwyd.

**(Ontbyt, Middagete, Aandete)**

## DAG 7: 21 Desember 2026

### Bratislava (Slowakye)

Vandag leer ons meer oor **Slowakye** terwyl ons na die hart van **Bratislava** geneem word – 'n hoofstad waar verskeie kulture in harmonie saamleef en bydra tot die stad se unieke karakter. Tydens 'n staptoer ontdek ons van die argitektoniese juwele van die stad, insluitend die **Gotiese St.-Martin-katedraal** en die **Slowaakse Nasionale Teater** in neo-Renaissance-styl. Die Kersmarkte bied handgemaakte geskenke en tradisionele feestelike lekkernye aan – 'n ware seisoenale bederf.

**(Ontbyt, Middagete, Aandete)**



## DAG 8: 22 Desember 2026

### Boedapest (Hongarye)

**Boedapest,** ’n stad met ’n ryk en kleurvolle geskiedenis, bekoor harte met sy uiteenlopende argitektuur en ikoniese landmerke. Langs die oewers van die Donau staan hierdie indrukwekkende geboue trots en vorm ’n kenmerkende silhoeët van die stad. As ’n UNESCO-wêrelderfenisgebied straal die stad ’n besondere sjarme uit tydens die Kersseisoen, wanneer plaaslike inwoners **warmwaterbronne** besoek om van die koue buite te vergeet.

Vanaand kan ons ’n **tradisionele Hongaarse volksvertoning** aan boord van die skip verwag – ’n besondere bederf.

**(Ontbyt, Middagete, Afskeidsontvangs en -Ete)**

## DAG 9: 23 Desember 2026

### Boedapest (Hongarye)

Na ontbyt neem ons afskeid van die bemanning en van ons mede-reisigers en vertrek na ons onderskeie bestemmings - met die kosbare herinneringe van Kersfeesliggies, geure en koue Winters-oggende wat bly saamreis.

**(Ontbyt)**

**Hierdie reisprogram dien slegs as ’n gids en kan om operasionele redes aangepas word. Die vaarroete kan dus moontlik van die oorspronklike plan afwyk.**



## Pakket Sluit In

- 7 nagte aan boord die *Emerald Dawn*, Ster-Skip in ‘n Panorama Balkon Suite (Kategorie C)
- Lughawevervoer na en van die skip (voorwaardes geld)
- 20 heerlike etes, insluitend 7 ontbyte, 6 middagetes, 7 aandetes
- Gratis wyn, bier en koeldrank tydens middagete en aandete aan boord
- Gratis koffie en tee 24 uur beskikbaar
- Gratis water, daagliks aangevul
- Wi-Fi aan boord
- Begeleide toer van Passau
- Tradisionele Beierse orkes aan boord
- Staptoer deur Linz met ’n *Linzer-torte* proe
- Begeleide toer na Göttweig-abdy met wynproe
- Aanboord-aanbieding: Kersfees-tradisies in Europa
- Kunstoer in Wene met ‘n besoek aan die *Kunsthistorisches Museum*
- Staptoer deur Bratislava
- Tuisgebakte koek en koffie by ’n Slowaakse gesin
- Busgidstoer deur Boedapest
- Tradisionele Hongaarse volksvertoning aan boord
- Die dienste van ’n *Emerald Cruises*-vaartdirekteur
- Hawebelasting en fooie ingesluit
- Alle fooitjies

# Kersfees op die Donau

15 Desember – 23 Desember 2026

**R69,900.00** Per persoon wat deel*
Geen enkel kajuite beskikbaar nie*

## Pakket Sluit Uit

- Retoervlugte tussen Johannesburg en Münich/Boedapest
- Binnelandse vlugte in Suid-Afrika
- Visumaansoek
- Alle etes en drinkgoed wat nie gespesifiseer is nie
- Mini-kroeg in Suite
- Persoonlike Uitgawes
- Opsionele uitstappies

## Dinge Om Te Onthou

- 'n Visum is verpligtend en op eie koste. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (25 Junie 2027).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy relatief fiks en in staat wees om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat hierdie reisprogram dien slegs as 'n gids en kan om operasionele redes as gevolg van watervlakke aangepas word. Die vaarroete kan dus moontlik van die oorspronklike plan afwyk.
- Die program sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere in, soos in die brosjure uiteengesit.



# Kersfees op die Donau

15 Desember – 23 Desember 2026

**R69,900.00** Per persoon wat deel*
Geen enkel kajuite beskikbaar nie*

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die toer te verseker:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

### STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R15,000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R20,000 is teen 15 Maart 2026 betaalbaar. 'n Derde betaling van nog R20,000 is betaalbaar teen 15 Junie 2026 en die totale uitstaande bedrag is teen 15 September 2026 betaalbaar.
- Pryse is gebaseer op EFT betalings.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: DON26 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

**R69,900.00 Per persoon wat deel*** | **Geen enkel kajuite beskikbaar nie***

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende

@GerrieOfficial

@Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius